# BUITEBEURSKEMA VAN DIE VERGOEDINGSFONDS

## AKADEMIESE JAAR 2026











employment & labour

Department:
Employment and Labour
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Compensation Fund
WORKING FOR YOU

## DIE VERGOEDINGSFONDS BIED BEURSE AAN WERKLOSE COID-BEGUNSTIGDES MET 'N PERMANENTE ONGESKIKTHEID (WERKNEMERS WAT BEROEPSBESERINGS/-SIEKTES OPGEDOEN HET), HUL AFHANKLIKES EN DIE AFHANKLIKES VAN WERKNEMERS WAT NOODLOTTIG BESEER IS

Die Vergoedingsfonds nooi **werklose COID-begunstigdes met 'n permanente ongeskiktheid (PWD), hul afhanklikes en die afhanklikes van noodlottig beseerde werknemers** uit om aansoek te doen vir die Vergoedingsfonds Eksterne Beursgeleentheid.

Die aansoekers moes aanvaar gewees het by 'n erkende Tegniese en Beroepsonderwys- en Opleidingskollege (TBO), Gemeenskapsonderwys- en Opleidingskollege (GO) of Hoër Onderwysinstelling (HO).

Indien u geen terugvoer vanaf die Vergoedingsfonds binne twee maande na die indiening van u aansoek ontvang nie, beskou u aansoek as (waarskynlik) onsuksesvol.

**Die beursdekking:** Onderriggelde, Voorgeskrewe Studiemateriaal, Maandelikse Toelaag en Verblyf.

Die toekenning is jaarliks hernubaar – vir die duur van die studieprogram, afhangende van die beskikbaarheid van fondse en akademiese prestasie.

| **Teikengroep** | **Leerprogramme/ Kwalifikasies** | **Opleidingsinstellings** | **Aansoek sperdatum** |
|---|---|---|---|
| COID-begunstigdes met 'n permanente ongeskiktheid (binne die werkende ouderdom) | Programme wat begunstigdes in staat sal stel om weer in die werkplek geïntegreer te word of selfstandig te word | TBO, GO, HO | Die beurs is oop dwarsdeur die 2026 akademiese jaar; aansoekers word egter aangemoedig om hul aansoeke voor/op 31 Maart 2026 in te dien. |
| Afhanklikes van COID-begunstigdes met 'n permanente ongeskiktheid en afhanklikes van noodlottig beseerde werknemers (17 – 35 jaar) | Aanbevole kwalifikasies word op bladsy 4 van die aansoekvorm gelys. | TBO, GO, HO | |

**Geskiktheidsvereistes:** • Volledig voltooide aansoekvorm • COID Pensioennommer / Eisnommer • Gesertifiseerde afskrifte van ouer(s) of voog(de) se identiteitsdokument/sterftesertifikaat (van toepassing op afhanklikes) • Identiteitsdokument van die aansoeker • Bewys van aanvaarding van 'n openbare instelling vir naskoolse onderwys en opleiding (OINOO) • Studente moet voltyds ingeskryf wees om te studeer. Slegs onder uitsonderlike omstandighede sal studente met gestremdhede toegelaat word om deeltyds te studeer. • Sertifisering en verifikasie van fisiese gestremdheid deur 'n gesondheidsorgwerker of gestremdheidsondersteuningskantoor / WCL-vorms (Finale mediese verslag)

**Aansoek proses:** Laai die betrokke beursaansoekvorm af en voltooi dit vanaf die webwerf www.labour.gov.za of besoek u naaste Provinsiale Arbeidsentrum vir die aansoekvorm. Werklose COID-begunstigdes met 'n permanente gestremdheid en hulle afhanklikes is nie beperk tot die gelyste kwalifikasies nie. Daarbenewens kan COID-begunstigdes met 'n permanente gestremdheid wat sukkel om toegang tot opleidingsinstellings te verkry as gevolg van die vlak van onderwys en ander hindernisse, ons kantore kontak vir georganiseerde Beroepsvaardigheidsprogramme/Kwalifikasies.

**Kontakbesonderhede:** Vir verdere navrae, hulp en advies, kontak ons asseblief by: **Telefoon:** (012) 319 9264 / (012) 319 5774 / (012) 319 9124 ; **Kliëntediens tolvrye nommer:** 0800 321 322 / 0860 10 5350; **SMS:** 44967

**Indiening van aansoeke:**

- **Poskantoor/Koerier:** Die Sub-Subdirektoraat: Beroepsrehabilitasie, Departement van Werk en Arbeid, Vergoedingsfonds, Privaatsak X955, Pretoria, 0001
- **Hand aflewering: September - Desember 2025 :** 167 Thabo Sehume Street, Delta Heights Building, Pretoria
- **Hand aflewering Januarie 2026 :** Compensation House, Cnr. Hamilton and Soutpansberg Rd, Prinshof, Pretoria
- **E-pos:** CFexternalbursaries@labour.gov.za